NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528
HATFIELD 0028 SA
Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380
algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

VERKLARING DEUR DIE ALGEMENE SEKRETARIS VAN DIE NED GEREF KERK

Reaksie op die Praag 1 April gekskeerdery - NG Kerk se "standpunt oor poligamie"

Op 1 April 2016 het die webtuiste Praag as deel van hul gekskeerdery bepaalde valse berigte versprei oor die NG Kerk se standpunte rondom die huwelik en poligamie. Alhoewel ons weet dat Suid Afrikaners 'n uitsonderlike vermoë het om deur humor te reageer op moeilike sake, het die herlewing van hierdie valse nuus in die afgelope dae die indruk van 'n kwaadwillige beswaddering gelaat. Ons het in April 2016 hierop reageer, maar reageer weer omdat die gerugte skynbaar weer lewe kry.
Ons wil dit baie duidelik maak dat daar geen kommissie in die NG Kerk is wat besig is om oor die moontlikheid van poligame huwelike te werk nie, en daar was nog nooit enige sprake van so 'n kommissie nie. Daar is ook geen gemeente of predikant wat aan enige poligame huwelikseremonies deelneem nie. Alle gerugte hieroor is volledig vals. Alhoewel ons in die NG Kerk diep bewus is van die komplekse aard van vrae oor seksualiteit is ons standpunt duidelik dat die huwelik slegs 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou is.
Ons wil lidmate en alle lede van die publiek herinner dat alle verslae en besluite van die Algemene Sinode van die NG Kerk, asook opdragte van die laaste Algemene Sinode wat tans aandag moet verkry, publiek beskikbaar is op ons webtuiste. Die verspreiding van vals berigte het in die afgelope jaar beide internasionaal en plaaslik 'n uiters negatiewe effek op verskeie samelewings gehad. Mag ons almal saamwerk om seker te maak dat die nuus wat ons versprei die waarheid is.

Dr. Gustav Claassen
Algemene Sekretaris Nederduitse Gereformeerde Kerk
16 Mei 2017